## 9 Maart Maleagi 3:6-12

### *Hartgrondige bekering verseker 'n ryke oes*

Die Here verseker hierdie hardkoppige volk dat Hyself nie verander het nie. Hy is nog dieselfde God wat hulle voorvaders geseën het. Hy roep Juda op tot bekering. Die volk sien egter nie hulle eie sonde raak nie. Hulle vra ewe onskuldig: "Waarom moet ons ons bekeer?"

In reaksie op hierdie skynheiligheid wys die Here hulle op hulle sonde: Hulle is besig om Hom te beroof! Hulle gee nie aan Hom die tiendes en offergawes wat hulle aan Hom verskuldig is nie. Met hierdie optrede bewys hulle onteenseglik dat hulle harte ver van die Hom is.

Die Here meet ook ons hartsgesindheid aan ons offergawes. Is ons bereid om offers in geld en tyd en aandag aan die Here te gee? Of beroof ons Hom? Hy kyk nie in die eerste plek na wat jy gee nie, maar na wat jy terughou. Hy kyk of jy werklik bereid is om te offer.

As ons aan Hom gee wat Hom toekom, belowe Hy sy seën. Hy belowe 'n ryke oes. Wanneer Jesus oor hierdie oes praat, gaan dit oor meer as die materiële. Dit gaan oor die oes van die mense wat aan die Here behoort. Die kerk kan net groei en die oes insamel as ons as arbeiders bereid is om ons tyd, aandag en geld vir die Here te gee. Is ons bereid om die Here op sy woord te neem en Hom hierin te toets?

Sing: Psalm 40:4 Ds. DJ. de Kock (Pietersburg-Suid)